



# DIE SWERFJARE VAN *Bibi*

Op 40 wéét die digter Bibi Slippers wat dit is wat haar lewe betekenis gee. Sy maak haar los van wanorde en spits haar daarop toe om woord-legkaarte te bou ...

Dis enkele dae nadat sy haar 40ste verjaardag gevier het, en enkele maande nadat sy haar tweede digbundel, *Soekenjin*, bekendgestel het. Haar stem klink vrolik oor die foon. Sy bevind haarself in Baardskeerdersbos, 'n kusdorpie in die Overberg, 'n Plek na aan haar hart.

Hoewel sy in Bloemfontein gebore is en die gesin gereeld verhuis het, bly haar ouers nou al langer as 'n dekade in Baardskeerdersbos.

"'Soekenjin' was vir my so 'n mooi woord waarmee ek my vereenselwig het, dit is 'n woord wat op baie betekenisvolle maniere vir my weerklink en weergalm," vertel die digter Bibi Slippers. Nadat haar debuutbundel, *Fotostaatmasjien*, in 2017 met die UJ-debuutprys bekroon is, het dit haar sewe jaar geneem om *Soekenjin* te voltooi.

"Ek dink dis noodsaaklik vir enige skrywer om hul idees te kan neerpen en vasvang sodra hulle 'n idee kry. Of dit nou in 'n notaboek, 'n nota op jou foon of 'n stemnota vir jouself is ... Glo my, ek het baie daarvan! Notas hier en daar, 'n notaboek met *one-liners* op elke bladsy, een klank of een beeld.

"Die tweede deel is net so noodsaaklik: dit is om dan uiteindelik op 'n punt te kom waar jy gedissiplineerd genoeg is om te gaan sit en te werk met al hierdie 'stukkies' inhoud wat jy bymekaargemaak het. Die daaglikse lewe maak daai tweede deel moeilik en dis 'n ewige stryd om tyd te vind om net so te kan sit en skryf. Tyd is 'n luukse.

"Vir hierdie digbundel het ek geweet ek wou oor verhoudings skryf, jy weet, die mens se soeke na liefde. So, ek het met die idee na vore gekom van 'n *search engine*, soos Google, waar 'n mens na verskeie antwoorde soek. Op die internet is daar ook natuurlik jou *search history*, 'n databasis wat rekord hou van alles waarna jy al op die internet gesoek het. Ek het ook met die idee van 'n mens se eie *search history* rondgespeel, wat dit byvoorbeeld oor elke mens sê. >

"Vandaar het die idee van *Soekenjin* posgevat, ons soeke na verskillende dinge, ons vrae oor die lewe, soeke na die doel van die lewe. Dis tog hoekom ons elke oggend opstaan; ons soeke na *purpose*. Wat ons elkeen ook uit die lewe soek, dis die enjin wat die wêreld aan die gang hou – ons soeke na geld of betekenis, vervulling, liefde; ons wil in ons basiese behoeftes voorsien.

## Gestroop van dinge wat bind

Ook vir háár is die sentiment waar. Die afgelope ruk lewe sy byna, nes haar ouers destyds, 'n nomadiese bestaan. Bibi het einde 2022 besluit om haar lewe in Johannesburg prys te gee. Deesdae beweeg sy tussen plekke soos Baardskeerdersbos, Kaapstad en Johannesburg. Sy wil vry wees om te kan kom en gaan.

"Ek het besluit om my woonstel in Johannesburg op te gee en om van baie van my besittings afstand te doen omdat dit nie bydra tot die lewe wat ek vir myself wil skep nie. Ek wou nie afhanklik wees van aardse besittings, skuld en dies meer nie. Ek wou met minder dinge klaarkom, van die *clutter* ontslae raak sodat ek my aandag kan fokus op dinge wat vir my betekenisvol is, soos skryf."

Dit is juis wat sy vir haarself wens in die nuwe seisoen van haar bestaan: 'n betekenisvolle lewe.

"Ja, kyk, my 40ste was 'n verjaardag waarna ek nogal opgesien het. Ek onthou ek was opgewonde daaroor om 30 te word, maar ek was meer versigtig oor 40. Weet jy, 'n mens voel net, soort van ... oud.

"Ek dink daar kom maar altyd eksistensiële vrae by 'n mens op met 'n sogenaamde mylpaalverjaardag. Dis natuurlik dat 'n mens maar so 'n bietjie jou bestaan en lewenspad bevraagteken en jou eie vooropgestelde idees oor die lewe uitdaag. Jy doen 'n bietjie introspeksie en vra jouself af of jy régtig besig is om die lewe na te streef wat jy graag vir jouself wil hê.

"Een van die boeke wat ek onlangs begin lees het, is *Four Thousand Weeks: Time Management for Mortals* van Oliver Burkeman. Ons wil soveel beheer uitoefen oor alles, maar dis 'n *denial* van *infinity*, dit is 'n poging om te ontken dat ons lewe gaan eindig. En ek dink hoe ouer 'n mens raak, hoe meer word 'n mens gekonfronteer met die feit dat jou lewe wel gaan eindig, dit raak meer van 'n realiteit. Hoe meer jy bereid is om te aanvaar dat jou lewe gaan eindig, hoe meer kan jy begin om jouself toe te spits op dit wat regtig vir jou belangrik is en met *purpose* leef.

"Ek is mal oor skryf, oor gedigte skryf. My brein hou van speletjies speel, en gedigte is vir my soos legkaarte – blokkies wat in mekaar moet pas. Gedigte is soos om 'n legkaart met taal te bou."

## Skielik maak alles sin

Vir Bibi het dit die afgelope tyd al hoe belangriker geword om 'n "eenvoudiger" bestaan na te streef. "Einde 2020 het ek 'n *sabbatical* geneem om aan *Soekenjin* te werk. Ek het geld gespaar en toe vir 'n tyd in 'n klein kusdorp met die naam Infanta gebly. Ek het net elke dag geskryf, van my spaargeld gelewe en niks ander werk gedoen nie.

"Een van my vriende het my bekendgestel aan Infanta. Dis baie afgeleë, 'n mens ry ongeveer twee uur daarheen op 'n grondpad. Daar is nie 'n winkel nie, jy moet dus alle voorrade wat jy benodig saamneem en mooi beplan. Ek het elke drie weke Swellendam toe gery as ek iets nodig het.

"Infanta is ongerep, stil en beeldskoon. Dit was die perfekte plek vir my om te werk. As ek vir die res van my lewe daar kon bly, sou ek. Skielik het my hele bestaan sin gemaak."

Intussen het haar woonstel in Johannesburg gestaan en wag vir haar terugkeer, die uitgawes en rekeninge het nie opgehou nie. "Toe my geld opraak, moes ek weer terug Johannesburg toe gaan en weer begin werk."

'n Tydjie later het sy weer die geleentheid gekry om vir 'n ruk op 'n afgeleë plek te gaan bly en net op haar skryfwerk te fokus. "Ek het vir 'n rukkie in Cradock, in die Oos-Kaap, gebly as deel van 'n skrywersverblyfprogram. Dis toe dat ek weer besef het, weet jy, ek wil hierdie heeltyds kan doen, ek wil heeltyds net kan skryf. En om dit te kan doen, moet ek my lewe 'kleiner' maak.

"Ek was altyd iemand wat nogal aan goed geklou het, maar ek wou wegkerf aan my lewe. Die besluit om af te skaal was dus 'n baie bewustelike en doelgerigte besluit. As jy baie *stuff* het, benodig jy 'n groot woonstel, en hoe groter jou woonstel is, hoe meer huur moet jy betaal. Hoe meer huur jy moet betaal, hoe harder moet jy werk om meer geld te maak.

"Dis 'n rimpeleffek. En hoe harder ek moet werk, hoe minder tyd het ek om net te sit en te skryf, myself oor te gee en my in die proses te *immerse*. Skryf is my lewensdoel, ek het dit onlangs opnuut besef. Daarom wil ek my volgende lewensjare só inrig dat ek maksimaal tyd daarvoor kan hê." **T**

**DEUR MARLI VAN EEDEN**
**FOTO: HANNERI DE WET**